29 Augustus 2010

Teks: Jh. 6: 24-59.

Tema: **Is jy gevoed met die Brood van die lewe?**

Psalm 31:1

Net soos 'n rots, gesterk, gestewig

teen storm en ongety,

is U, o HEER, vir my.

Maak my tog nie beskaamd vir ewig.

Bevry my, hoor my bede

na u geregtighede.

Psalm 31:3

U is my eewge rots, o HERE!

Diep in u veil'ge sy

sal ek genestel bly.

U sal my lei, u Naam ter ere,

tot ek die net verby is

wat voor my voet gesprei is.

Psalm 31:12

HEER, in u hande is my tye;

ek steun in al my leed

op U alleen wat weet

die maat en einde van my lye.

Red my, o sielsverblyder,

van vyand en bestryder.

Lied 205:1

Bring lof aan die Vader,

verheerlik die Seun,

vir liefde, genade,

verlossing en steun -

L 205:1 (vervolg)

dat elkeen wat glo

nie verlore mag gaan

maar ewig voor Hom

as verloste kan staan.

Loof die Heer, loof die Heer -

sing, gelowiges, saam!

Loof die Heer, loof die Heer -

prys sy heilige Naam!

L 205:1 (vervolg)

Hy kom uit genade

ons sondes versoen

dat ons Hom vrymoedig

ons Vader kan noem.

L 205:2

Ons lof aan die Skepper

wat altyd getrou

sy kerk hier bewaar,

dit vernuwe en bou -

L 205:2 (vervolg)

ons bly inspireer

en ons stuur deur sy Gees

om sout en om lig

vir die wêreld te wees.

Loof die Heer, loof die Heer -

sing, gelowiges, saam!

Loof die Heer, loof die Heer -

prys sy heilige Naam!

L 205:2 (vervolg)

Hy kom uit genade

ons sondes versoen

dat ons Hom vrymoedig

ons Vader kan noem.

Sb 4-6

Ere aan God, ere aan God

in die hoogste, in die hoogste,

in die hoogste!

Vrede op aarde, vrede op aarde

in die mense ‘n welbehae.

Sb 4-6 (vervolg)

Ere aan God in die hoogste,

ere aan God in die hoogste!

Vrede op aarde, vrede op aarde,

vrede op aarde, vrede op aarde,

in die mense, in die mense ‘n welbehae -

in die mense ‘n welbehae, ‘n welbehae.

<u>Sb 4-6</u> (vervolg)

Ere aan God, ere aan God

in die hoogste, in die hoogste,

in die hoogste!

Vrede op aarde, vrede op aarde

in die mense ‘n welbehae.

Amen. Amen.

29 Augustus 2010

Teks: Jh. 6: 24-59.

Tema: **Is jy gevoed met die Brood van die lewe?**

Ps 20 : 2

Mag Hy sy heil en bystand stuur
uit hoë heiligdom,
en u uit Sion ondersteun,
van waar u hulp sal kom.

Ps 20 : 4

Mag Hy, die ryke God, u gee
al wat u hart verlang!
Vervulling van wat u beraam -
mag u dié guns ontvang!

Ps 134 : 4

Laat, HEER, u seën op hul* daal,

u guns uit Sion hul* bestraal!

U wat beveel en - dit geskied,

wil, HEER, u seen oor hul* gebied!

Votum en
Groetseën

<u>Psalm 45:1</u> (Staan) Almal

My hart, ontroer deur mymering,

sal lieflik van 'n Koning sing.

My tong, deur digvuur aangedryf,

is soos 'n pen wat vaardig skryf.

Psalm 45:2 (Susters)

U 's skoon! Geen skoon wat daarby haal.

Bevalligheid van trek en taal

is oor u lippe uitgestort -

U wat deur God geseën word.

<u>Psalm 45:9</u> (Broers)

O dogter, wat die bruidsroep hoor,

o skoonste, luister, neig jou oor!

Vergeet jou volk, jou eie vlees,

dat jy die Koningsbruid kan wees.

<u>Psalm 45:10</u> (Susters)

Gee dan die Koning, groot van mag,

op jou en op jou skoonheid ag,

o weier nie: buig voor Hom neer;

Hy is jou Koning en jou HEER.

Psalm 45:12 (Broers)

Die Koningsdogter is nou gans

verheerlik in haar skoonheidsglans.

En oor haar kleed 'n weerskyn sweef:

dit is met gouddraad ryk deurweef.

Psalm 45:16 (Almal)

Ek sal, o Vors, U eer bewys,

u Naam deur die geslagte prys.

Die volke sal, in U verblyd,

U loof vir ewig en altyd.

GELOOFSBELYDENIS

Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde;

en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;

wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore uit die maagd, Maria;

wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is

en die lyding van die hel ondergaan het;

wat op die derde dag opgestaan het uit die dood;

opgevaar het na die hemel

en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,

waarvandaan Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel.

Ek glo in die Heilige Gees;

Ek glo aan ‘n heilige, algemene Christelike kerk,

die gemeenskap van die heiliges;

die vergewing van sondes;

die opstanding van die liggaam en ‘n ewige lewe.

Amen, Amen, Amen.

Die wet van die Here



Verootmoedigingsdiens

Deu 5:6 ‘Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.
7 Jy mag naas My geen ander gode hê nie.
8 ‘Jy mag nie vir jou ‘n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.
9 Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,
10 maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.
11 ‘Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal dié een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.
12 ‘Jy moet die sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou, soos die Here jou God jou beveel het.

13 Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet,
14 maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy.
15 Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte ‘n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige dade daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te onderhou.
16 ‘Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het, dan sal jy ‘n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.

17 ‘Jy mag nie moord pleeg nie.
18 ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.
19 ‘Jy mag nie steel nie.
20 ‘Jy mag nie vals teen ‘n ander getuig nie.
21 ‘Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie. Jy mag nie sy huis begeer nie, ook nie sy grond, sy slaaf of slavin, sy bees of donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.’

<u>Psalm 71:2</u> (Staan)

Ek het op U vertrou van jongs af.

U, Here, is my hulp.

U, Here, is my hoop.

Vandat ek daar was in die wêreld,

ja, selfs voor my geboorte

was U reeds my beskermer.

Psalm 71:3

Ek loof U daarom, Heer, gedurig.

So baie wat dit hoor,

verwonder hul daaroor.

U is my sterkte en my toevlug;

ek sing van U voortdurend

die hele dag 'n loflied.

Gebed

(sit)

Woord- en gebedsdiens

Joh 6:24 Toe die mense sien dat Jesus nie daar is nie en sy dissipels ook nie, het hulle in die skuitjies geklim en na Kapernaum toe gevaar op soek na Jesus.
25 En toe hulle Hom oorkant die see kry, vra hulle vir Hom: "Rabbi, wanneer het u hierheen gekom?"
26 Jesus antwoord hulle: "Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het.
27 Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen."
28 Hulle vra Hom toe: "Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?"
29 En Jesus antwoord hulle: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het."
30 Hulle sê toe vir Hom: "Watter wonderteken kan u doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat gaan u doen?

31 Ons voorouers het manna in die woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet."
32 Jesus het hulle geantwoord: "Dít verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee.
33 Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee."
34 Hulle sê toe vir Hom: "Meneer, gee ons tog altyd hierdie brood."
35 Maar Jesus sê vir hulle: "Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.
36 Maar wat julle betref, Ek het reeds gesê: Julle sien My, en tog glo julle nie in My nie.
37 "Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.
38 Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

39 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan.
40 Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan."
41 Die Jode het gemor omdat Hy gesê het: "Ek is die brood wat uit die hemel gekom het."
42 Hulle het gesê: "Is dit nie Jesus die seun van Josef nie? Ons ken mos sy pa en ma. Hoe kan hy nou sê: Ek kom uit die hemel?"
43 Jesus sê toe vir hulle: "Moenie so onder mekaar mor nie.
44 Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.
45 By een van die profete staan daar geskrywe: ‘En hulle sal almal mense wees wat deur God geleer is.’ Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, kom na My toe.

46 Dit wil nie sê dat iemand anders al die Vader gesien het nie; net Hy wat van God af kom, Hy het die Vader gesien.
47 "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.
48 Ek is die brood wat lewe gee.
49 Julle voorouers het in die woestyn manna geëet en tog gesterwe.
50 Maar hier is die brood wat uit die hemel kom sodat ‘n mens daarvan kan eet en nie sterwe nie.
51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe."
52 Die Jode het toe onder mekaar begin stry en gesê: "Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet?"
53 Maar Jesus sê vir hulle: "Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie.

54 Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.
55 My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.
56 Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.
57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.
58 Hierdie brood wat uit die hemel gekom het, is nie soos die manna wat julle voorouers geëet het nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie hierdie brood eet, sal ewig lewe."
59 Dit het Jesus gesê toe Hy die mense in die sinagoge in Kapernaum geleer het.

Psalm 84:2 (Sit)

Die mossie vind 'n huis, o HEER,
die swaeltjies lê in nessies neer;
en ek vind rus by u altare,
waar U vir my 'n woning maak
en U, my Koning, my bewaak.
Gedugte HEER der leërskare,
welsalig wie in u paleis
U altyddeur mag loof en prys!

(Kinders 4-6 jaar gaan saam met Hannelie)

Prediking

Gebed

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

<u>Psalm 150:1</u> (Staan)

Prys die Here, almal kom,

loof Hom in sy heiligdom.

Prys Hom met die harp en lier

hier op aarde, prys Hom hier.

Prys sy dade sterk en kragtig;

Sing jul loflied in 'n koor.

Jubel so dat almal hoor:

Hy is groot en Hy is magtig.

Psalm 150:2

Laat ons God se grootheid vier.

Loof en prys Hom met die lier.

Bring die tamboeryn en snaar

en die horing bymekaar.

Prys met musikale rykdom,

harp en fluit en die simbaal.

Almal wat kan asemhaal,

Halleluja, loof en prys Hom.

Wegstuurseën
Amen Amen Amen

Katkisasie-opening

Psalm 45:1

My hart, ontroer deur mymering,

sal lieflik van 'n Koning sing.

My tong, deur digvuur aangedryf,

is soos 'n pen wat vaardig skryf.